

Sondag 28 Junie 2020

'n Lewe in God se koninkryk. Koning Dawid se geloofsreis

2 Samuel 15

Ons leef almal vandag in die werklikheid van realiteite wat ons lewens direk raak en verander. Dit bepaal wat ons daaglik voel, dink, besluit en doen. Die afgelope week was daar 'n belangrike draaipunt wat almal se lewens op ons planeet raak en verander. Nee, dit het niks met 'n Koronavirus-entstof te doen nie. Op 21 Junie het die aarde se as in 'n ander rigting begin tilt. Jy mag by jouself dink dat daar gedurende die afgelope sewe dae niks aardskuddends in jou lewe gebeur het nie – watter verskil maak dit? Ons weet egter dat die dae van nou af langer gaan word en die nagte korter en ons besef dat met tyd gaan alles om ons verander.

Dit het my laat dink aan wat dit beteken om daaglik in die realiteit van God se koninkryk te leef. Te midde van die realiteit wat daaglik jou lewe raak en verander word ons persoonlik deur iets veel groter omring en omvorm: God se koninkryk wat deur ons eie werklikhede dring om ook ons lewens op verskillende wyses te raak.

Wat is die realiteite wat op hierdie oomblik om jou afspeel en jou gevoelens, denke en besluite beïnvloed? Gee jouself vandag kans om met geloof die groter prentjie van God in jou lewe en wêreld te sien.

GEBED

Here, ons voel in slot en grendel vasgevang deur daaglikse realiteite wat ons omring. Dit is nie so maklik om dit net te ignoreer of elke keer weer slim planne uit te dink om dit te bowe te kom nie. Help ons daarom Here om ons eie hede in die lig van U heerskappy te kan sien. Vervorm deurentyd die wyse waarop ons kyk, dink en optree. Kom omvorm ons geloof sodat ons sal weet wat die regte ding is om nou te sê en te doen. Dankie dat ons sommer net so spontaan alles wat in ons denke is vir U kan kom gee en rus kan vind in dat U ons hoor.

AMEN

In ons preekreeks volg ons die volgende paar Sondae koning Dawid se geloofsreis. Dit vertel hoe Dawid in elke hoofstuk van sy lewe opnuut sy geloof herontdek het. Ons wil julle aanmoedig om in hierdie tyd dieselfde te doen deur die volgende twee hulpmiddels:

1. Vul die Bybelmedia vraelys op die faithpath.co.za webruimte in waarin jy jou geloofstyl kan verken.
2. In opvolg op die eerstes kan jy 'n tweede vraelys invul – epos aan karin@stellenberg.co.za sodat jy die skakel na die vraelys kan ontvang.

Verlede week het ons die storie van Dawid en Goliat gelees: 'n Jong, sterk en brawe Dawid wat gedryf is deur sy sterk geloof in God wat hom krag gee en dan met ambisie 'n magtige koninkryk opbou. Maar in sy geloof en ambisie het hy nie rekening gehou met wat die realiteite en die eise van die lewe aan jou kan doen nie.

- Hy maak foute en sien dit in sy skynbare voorspoed nie raak nie.
- Sy kinders maak foute. Sy seun Amnon verkrag sy dogter Tamar – sy ander seun Absalom neem wraak en vermoor Amnon waarna hy dan weer van sy pa vlug. Om alles te kroon steel Absalom sy pa se koninkryk. Voorheen sou Dawid terugbakei het, maar nou is hy gebreek. Hy vlug kaalvoet uit Jerusalem die Judese woestyn in (volgende week se preek Ps 63).

Dis 'n totaal ander Dawid as die Dawid wat ons verlede week ontmoet het. Dis die verhaal van 'n ou, afgeleefde koning wat deur sy omstandighede gebreek is, maar wat sy geloof in God weer herontdek.

LEES: 2 Samuel 15:13-30

Vir Dawid is hierdie die laagtepunt van sy lewe, maar dis in werklikheid 'n nuwe begin omdat:

- Hy het vir die eerste keer die moed om homself en die dinge wat in sy lewe skeefgeloop het in die oë te kyk en dit te aanvaar. Hy los dit nie op deur sy magtige weermag in te span, of deur slim planne in te span sodat hy die gevolge kan ontglip nie.
- Hy gee homself aan die Here se genade oor wat hy glo kan vergewe en genees (lees weer 2 Sam. 15:26).

Leonard Cohen het 'n lied geskryf oor dié moment waarin Dawid se lewe teen die helling van die Olyfberg verander het. Die lied se naam is "Halleluja" en vertel hoe 'n gebroke koning dit regkry om te midde van sy spyt, skuld en rou nog te sing: Halleluja! (*"The baffled king composes Halleluja"*). Ervaar soos Dawid hierdie oomblik in jou eie lewe.

Mag dit jou ook by 'n punt in jou eie lewe bring om die werklikhede wat jou omring in die oë te kyk en dit te aanvaar en nie langer daarteen te baklei of daarvan weg te vlug nie. Dit hoef nie die einde te wees nie, maar eerder 'n nuwe begin waarin die Here jou geloof omvorm.

Mag daar binne jou eie seer, spyt en gebrokenheid ook 'n Halleluja los breek.

GEBED

Here, help my om die waarheid oor myself in die oë te kan kyk:

Om myself vir 'n wyle te sien soos U, en ander, my sien.

Maak my eerlik genoeg om my foute raak te kan sien en my liggeraaktheid en selfsug te erken. Gee my die genade om eerlik te sê: Here vergewe my.

AMEN